# OESTERBAAI INWONERSVERENIGING

## NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 24 MEI 2024 OM 10:00 IN DIE GEMEENSKAPSAAL, OESTERBAAI

TEENWOORDIG
Marius Aucamp
Johan Hennop
Martiens Kunneke
Walter Kurten
Otto Pepler
Bouwen Schellingerhout
Anita Swanepoel
Adriaan van Wyk
Desmond Wolmarans

1. OPENING
   Walter open die vergadering met gebed.

2. VERSKONINGS
   Willie Oosthuizen
   Riekie Pienaar

3. AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE
   Die notule van die vergadering gehou op 12 Jan 2024 te Grunter Str. word aanvaar en goedgekeur. Voorgestel: Johan. Sekondant: Martiens.
   Walter vra dat lede voor die vergadering veranderings aan die sekretaresse sal stuur.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE VERGADERING

4.1 FINANSIES
   Walter stel Martiens aan die woord. Martiens bespreek die finansiële staat. ( sien aangeheg) Die finansies lyk goed. Daar is heelwat donasies ontvang t.o.v. Brandskade.

4.2 WATERVOORSIENING
   Walter stel Otto aan die woord. Otto sê daar is nie groot probleme nie, Oesterbaai se water is in 'n goeie toestand. Daar word nou minder water gebruik en beurtkrag is minder. Die probleem is die beloftes van die Munisipaliteit – dinge wat herstel moet word, gebeur nie.

   By die beste boorgat word daar nog gewag vir onderdele vir 'n pyp. Die water word elke oggend gemonitor – Riekie, Johan en Otto ontvang die lesings. Otto en Johan het lesings saam met Kouga gemonitor tot in Mei 2024 – daar is geen E. coli in die water gevind nie.

   Die gevaar lê steeds by die fonteine. Na die brand is dit oop, daar loop diere rond. Otto het dit met die Munisipaliteit opgevolg. Die pype moet verleng word, sodat blootstelling van buite verminder word.

‘n Brandkraan gaan by Bokkie-hulle opgesit word. Walter vra wat die onderneming van die Munisipaliteit vir die onderste pompe is. Otto sê dat die kontrakteur tans sukkel om finansies by die Munisipaliteit te kry.

AKSIE: Otto, Johan

4.3 ELEKTRISITEIT

Walter stel Johan aan die woord. Johan sê dat hy ‘n goeie sessie met Charles de Kock gehad het. Charles weet wat Oesterbaai se bekommernisse is, hy erken dit. Johan sal ‘n opvolg-brief aan hom rig en aanhou druk toepas. Walter noem dat die politici aanhoudend betrek moet word by e-posse.

AKSIE: Johan

4.4 OMGEWINGSAKE

Walter vra om verskoon te word by die Werksverdeling: Omgewingsake. Dit val dan nou onder Bouwen en Marius

4.4.1. DUINE “ sand traps”

Walter stel Bouwen aan die woord. Bouwen noem dat hy tans , saam met die Koöpwerkers, besig is met die oprig van sandvalle. Hy het teenstand van sommige inwoners gekry. Hy probeer mense akkommodeer en verduidelik. Die doel van die valle is om die sand vas te kry. Die strandingang sal nie toegemaak word nie. Kouga is tevrede met die valle. Marco (Kouga) het bestellings vir nog nette en paaltjies. Daar sal ook dekgras gebruik word om die duin stabiel te kry vir plantegroei.

Bouwen noem ook dat die Slangrivier se punt by die duin ‘n bottelnek maak. As dit baie gaan reën, kan dit probleme veroorsaak.

Die TLB gaan gebruik word om sand in Branderstraat weg te kry, asook die dreineringsprobleem in Umzamowethu reg te kry. Die stormwaterpyp by Jacques Burger se huis is al sedert 2014 ‘n probleem, die Munisipaliteit tree nie op nie. Jacques het self pyp ingesit.

Otto noem ook dat die hele dorp probleme met stormwater het. Dit is al baie bespreek met Kouga.

AKSIE: Bouwen

4.4.2 DORPS VERFRAAIING

NAAMBORD

Bouwen noem dat hy al 4 kwotasies vir die oprig daarvan ontvang het. Die Dagbestuur sal saam besluit daaroor.

PARKERING
Bouwen se span het boompies daar geplant. Daar is weer kalk op die klippe gegooi. Bouwen vra of ontbossing moontlik is aan die anderkant, sodat meer parkering gemaak kan word. Walter sê dat dr. Sherman gekontak kan word.

VOETSLAANPAD
Otto noem dat die nuwe Vleiloerievoetslaanpad klaar uitgelê is. Paaltjies en stompe is gepak. Sitplekke sal oopgemaak word vir uitkykpunte. 'n Fontein sal ingesluit word. Daar is ook planne vir bruggies. Oesterbaaiers sal betrek word vir Boomplantdag. ( Riekie)

Otto noem dat daar nog geld (van vorige skenker) beskikbaar is vir omgewingsake.

Johan vra dat daar weer gekyk moet word na die bosse in die paadjies na die strand toe. Die OIV het 'n boskapper wat gebruik kan word.

Marius en Otto het die Tjokka- voetslaanpad tot by die kruis skoongemaak.
Hulle onderneem om dit tot by die klein baaitjie skoon te maak. Die paadjies moet breër gemaak word, klippe en bruggies is ook nodig.

AKSIE: Bouwen, Marius, Otto

4.5 KOMMUNIKASIE
KWARTAALVERSLAG
Riekie het met Willie gereël om te help met die kwartaalverslag. Sy vra dat alle lede asb. hulle nuus aan Willie moet stuur.

AKSIE: Willie en lede

4.6 GEMEENSKAPSAAL
Walter noem dat hy 'n brief oor beloftes aangaande die saal se opknappings aan Christa, Rochelle en die Munisipale Bestuurder gestuur het. Hulle het nou reaksie gekry oor dinge wat al vier jaar sloer.

Adriaan noem dat die Geyser ontkoppel is. Daar is ook 'n belofte van Kouga dat dit vervang gaan word. Johan onderneem om na die ou Geyser te kyk. Adriaan vra ook toestemming om 'n nuwe urn te koop – daar word ingestem.

Johan vra na die gebruik van die 2 kantore in die saal. Die OIV het 'n behoefte aan 'n plek waar daar vergader kan word, waar dinge gestoor kan word, bv. kaarte, lêers- sodat nuwe lede dadelik toegang en inligting kan kry van bv., straatname, planne, boorgate, fonteine, pompe, ens. Dit kan steeds gebruik word vir die Raadslid. Die Biblioteek het dit ook nou nodig vir die stoor van boeke wanneer daar binne in die saal gewerk gaan word.

Walter, Adriaan en Johan sal saam na die spasie kyk. Adriaan onderneem om kratte leeg te maak en ou goed weg te gooi. Otto bied aan om hom te help.

Adriaan vra dat die hek aan die noordekant van die saal nie oopgesluit sal word nie. Die heiningdraad bo-op moet eers herstel word.

AKSIE: Adriaan, Walter, Johan

4.7 PAAIE

Walter stel Otto aan die woord. Otto sê dat hy nog 5 dromme teer het wat hy in Tuna straat gaan gebruik. Dit is net 'n tydelike oplossing. Otto onderneem om weer met Kouga te praat oor hulle beloftes oor paaie.

Desmond onderneem om weer die saak van die spoedwalle met die Munisipaliteit op te neem.

AKSIE: Otto, Desmond, Johan

4.8 UMZAMOWETHU

Walter noem dat inwoners wat vee het nou foto's van hulle diere moes neem. Die Gereg en Munisipale amptenare het eienaars behoorlik aangespreek oor rondlopende diere. Beeste mag glad nie meer in die dorp inkom nie. Hulle moet wagte kry om hulle diere op te pas.

Adriaan noem dat dit rustiger oor naweke en ook saans gaan.

Otto vra na die aantal inwoners van Umzamowethu. Hy wil kyk na die waterverbruik van inwoners. Adriaan onderneem dat hy en Baba 'n kaart sal vat en getalle per huis sal invul. Hy sal dit aan Otto stuur.

AKSIE: Adriaan

4.9 BRANDWEER

Walter stel Desmond aan die woord. Desmond praat oor die werksdokument wat hy aan die komiteelede gestuur het. Hy vra weer dat lede deur die dokument moet gaan en bydraes moet lewer. Dit is 'n dokument wat die OIV kan gebruik om inwoners in te lig oor brande en die aksies wat die OIV na afloop van brande neem.

Desmond het ook met Marlin Sodien (Kouga Brandweer) gepraat oor ontsnappingsroetes bv. by Romney-hulle.

Eienaars is self verantwoordelik vir die skoonhou van hulle erwe. Otto noem dat Oesterbaai dalk weer brandspanne moet oplei.

Desmond onderneem om namens die OIV met Lodewyk en die NSRI te praat oor die brande in en om Oesterbaai. Lood is die Brandkaptein en die OIV wil weet hoe ons behulpsaam kan wees. Die OIV kyk na die hulpbronne, bv. die brandkrane, ens. Beter kommunikasie met die NSRI is nodig.

AKSIE: Desmond

4.10 ALGEMENE INSTANDHOUDING

4.10.1. LEXINGTON LAAN

Die Munisipaliteit was op 23 Jan 2024 saam met Otto en Bouwen by Lexington laan. Hulle het onderneem om daarna te kyk. Weereens het ons geen terugvoer gekry nie. Bouwen en Otto onderneem om kwotasies te kry.

AKSIE: Bouwen , Otto

4.10.2 ASBLIKKE VIR STRAND

Martiens vra hulp. Marius onderneem om hom te help. Adriaan sal ook reël dat hy hulp kry.

AKSIE: Martiens, Marius, Adriaan

4.10.3 BANKIES OP DIE STRAND

Anita noem dat die 2 bankies wat op die strand gestaan het nou by Riekie gestoor word. Dit sal slegs Junie- en Desembervakansies op die strand geplaas word. Dit word te veel rondgedra, veral na onder die laagwatermerk en die sand waai dit ook toe.

Joe Meyer se bankie staan nog by Marius. Hy en Johan Jacobs het 'n plan daarmee. Die OIV wag nog vir Johan-hulle se bewoording op die plaatjie.

5 NUWE SAKE

5.1 BOOTLANSERINGS PLEK

Walter stel Desmond aan die woord. Desmond lig die vergadering in oor die Werkswinkel wat op 30 April 2024 in die saal was.

Die Munisipaliteit is in die proses om 'n omgewingsimpakstudie te doen om te bepaal waar die lanseerplek moet wees. Die 'Punt" voldoen op die stadium nie aan die vereistes nie a.g.v. die volgende redes :

1. Daar is nie voldoende area om parkering te maak nie.
2. Die strand het die afgelope jare verander - wat dit nie meer veilig maak nie.

Die area by die rivier se inloop by Oyster Bay Lodge is geïdentifiseer as die toeganklikste area om die bote te lanseer en om parkering te voorsien.

Die magte om die toegang en permitte te implementeer kan oorgedra word aan 'n derde party ( Skibootklub) , wat ook in die vooruitsig is. Slegs voertuie wat bote lanseer sal toegelaat word en oortreders se permitte sal gekanselleer word, indien nodig.

Die voertuie sal ook slegs toegelaat word by die laagwatermerk en nie aan die duine se kant nie.

Die raad sal terugvoering gee, sodra die studie afgehandel is.

5.2 BEDANKING VAN JACO MARX

Walter lig die komitee in van Jaco se bedanking as komiteelid. Dit word deur die vergadering aanvaar.

5.3 AANSPREEKLIKHEID VAN OIV

Desmond vra die vergadering wat die regsaanspreeklikheid van die OIV is? Wat is die wetlike gevolge vir lede van die OIV indien iets bv. opgerig word en 'n persoon kry 'n besering? (bv. by Lexington laan of trappies by hengelplek)

Hy noem dat die OIV moet kyk na " liability insurance"

AKSIE: Desmond

5.4 GRONDWET

Walter noem dat lede weer na die Grondwet moet kyk en insae moet lewer. Afhandel voor volgende vergadering.

AKSIE: Walter

6 VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering sal na behoefte gereël word.

7 AFSLUITING

Walter bedank almal vir hulle teenwoordigheid en deelname. Die vergadering word verdaag.

------------------------- -------------- ---------------------

GOEDGEKEUR: VOORSITTER DATUM SEKRETARESSE

# OESTERBAAI INWONERSVEREENIG INTERIM

## ONTVANGSTE EN UITBETALINGSTAAT

## 1NOVEMBER 2023 TOT 15 MEI 2024

**ONTVANGSTE:**

| | | |
|---|---|---|
| ADVERTENSIES | R 4350 | |
| LEDEGELDE | R 6600 | |
| SAAL INKOMSTE | R 1600 | |
| DONASIES | R 37500 | |
| KERSMARK | R 6910 | |
| EREDIENSKOLLEKTE | R 15042 | |
| STRAND BANKIES SKENKING | R 1200 | |
| DONASIES T.O.V. BRANDSKADE | R 10700 | R83902.00 |

**UITBETALINGS:**

| | | |
|---|---|---|
| SKRYFBEHOEFTES | R 350 | |
| KERSPAKKIES | R 500 | |
| SAAL | R 6502 | |
| BANKKOSTE | R 731 | |
| KERSMARK ITOO | R 3600 | |
| STRAND BANKIES | NIL | |
| BOSSIEKAPPER | NIL | |
| TOTALE UITBETALINGS | | R11683.00 |
| OORSKOT | | R72219.00 |

KONTANT BESKIKBAAR:

| | |
|---|---|
| SPAARREKENING | R205951.00 |
| LOPENDE REKENING | R 43374.00 |